

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL**VRAESTEL 1****GRAAD 10****JUNIE 2019****NASIENRIGLYNE**

HIERDIE NASIENRIGLYNE BESTAAN UIT 8 BLADSYE

AFDELING A: LEESBEGRIP**ASSESSERINGSRIGLYNE**

- Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepeenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
Penalisering geskied slegs as dit die woordbetekenis verander.
- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir:
 - JA/NEE;
 - EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE;
 - WAAR/ONWAAR en
 - FEIT MENING nie.

Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE; EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie.

- Vir vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word NIE GEPENALISEER indien die aanhalingstekens ontbreek NIE.
- Waar eenwoord–antwoorde/twee opeenvolgende woorde gevra word en die kandidaat gee 'n volsin, is dit korrek **MITS** die korrekte woord/woorde onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word. Die kandidaat kan ook die antwoord begin met: Die woord/woorde is ...
- By vrae wat een feit/punt of twee/drie feite/punte vereis en die kandidaat gee 'n hele reeks, sien SLEGS die eerste een of twee (afhangend van die vereiste getal feit(e)/punt(e) gevra) na. Indien die feit(e)/punt(e) met kolpunte aangedui is, word die eerste antwoord(e) per merker nagesien.
- Indien 'n antwoord in meer as een sin aangebied word en die sin/sinne lei direk tot die antwoord, word die punt vir die korrekte feit toegeken.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word daardie vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder daardie vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat NIE GEPENALISEER NIE. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, is dit aanvaarbaar.
- Vir meervoudigekeuse–vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord aanvaar.

AFDELING A: BEGRIPSLEER**VRAAG 1****TEKS A: ARTIKEL****DIE KONING SE DILEMMA****[460 woorde]**

NR	NASIENRIGLYN	PUNT	DENK- VLAK
1.1	Getrou, lojaal (twee aparte woorde)	2	2
1.2	Die minister was bedlêend en die reëls het bepaal dat niemand in die aanwesigheid van die koning mag lê terwyl die koning self staan of sit nie	2	2
1.3	Frankryk	1	1
1.4	Die koning se hofmeester	1	1
1.5	Hulle het gelê	1	2
1.6	D die besoek is voltooi D die besoek is voltooi ENIGEEN	1	3
1.7	Die reëls vir goeie maniere / dade van bedagsaamheid en vriendelikheid teenoor ander mense.	1	1
1.8	Hulle kon jou doodmaak.	1	1
1.9	Dit maak deure en harte oop/verbeter verhoudings.	2	1
1.10	Enige logiese antwoord bv. jy sal goeie verhoudings hê / mense sal jou respekteer.	1	4
1.11	Ouers, grootouers, skool, kerk. (enige antwoord wat sinvol is)	2	2
1.12	Mense gaan jou met liefde hanteer/ jy gaan gemakliker tussen mense wees.	1	1

1.13	Na jou dade	1	1
1.14	Vermeerder	1	2
1.15.1	figuurlik	1	1
1.15.2	Dit beteken goeie maniere beteken baie of is kosbaar/belangrik	1	2
1.16	'n Vrou	1	1
1.17	Wat in een land goeie maniere is, kan in 'n ander as ongeskik geag word.	1	2
1.18	Kwaad/ontsteld/ongelukkig/ gefrustreerd (enige sinvolle antwoord)	1	1
TEKS B STATISTIEK: MOTORVERKOPE			
NR	NASIENRIGLYN	PUNT	DENK- VLAK
1.19	Die kaart en groot skrif.	2	2
1.20	Nee, in 1990 was dit 39,2 en in 2017 was dit 88,2 wat baie meer is as 39,2.	1	2
1.21	'n Voertuig wat al reeds aan iemand behoort het (en gery is.)	1	2
1.22	557 586/88.10%	1	1
1.23	Asië	1	2
1.24	44 maande	1	2
TOTAAL AFDELING A:			30

AFDELING B: OPSOMMING**ASSESSERINGSRIGLYNE****ALGEMEEN**

Lees die hele opsomming om 'n geheelindruk van die opsomming te kry.

Beplanning is nie nodig nie.

Indien rofwerk/beplanning gedoen word, let op die volgende:

- Indien die beplanning in potlood aangebied word, word dit as rofwerk beskou en die tweede aanbieding word nagesien.
- Indien die eerste poging in pen aangebied word (en nie doodgetrek is nie), word daardie poging as die finale antwoord beskou.

Indien daar twee feite in een sin gegee word, word slegs die eerste feit nagesien. Die tweede feit word geïgnoreer.

Indien daar twee sinne by een kolpunt gegee word, word slegs die eerste sin nagesien.

Kandidate hoef nie 'n TITEL te verskaf nie.

Indien afkortings in die opsomming voorkom, word elke afkorting getel volgens die getal woorde wat dit voorstel, byvoorbeeld, d.w.s. = 3 woorde.

Indien die kandidaat die opsomming in paragraafvorm aanbied, word die eerste 7 sinne (eerste 70 woorde) van hierdie paragraaf nagesien.

PUNTE WORD SOOS VOLG TOEGEKEN

Feite: 7

Taal: 3

TOTAAL: 10

TOEKENNING VAN TAALPUNTE VIR GETAL FEITE KORREK

1–3 feite korrek:	1 taalpunt
4–5 feite korrek:	2 taalpunte
6–7 feite korrek:	3 taalpunte

TAALPUNTE EN AANHALINGS

6–7 aanhalings	kandidaat kry 0 vir taal
1–5 aanhalings	kandidaat kry 1 vir taal

LENGTE

Nasiener moet hom-/haarself vergewis van die aantal woorde. Geen punte word afgetrek indien daar te min/te veel woorde is nie of as die getal woorde verkeerd aangedui is nie. Indien die getal woorde meer is as die toegelate getal, lees die nasiener slegs tot aan die einde van die sin waarin die maksimum voorkom. Die res van die opsomming word dan geïgnoreer.

TEKS C: OPSOMMING**REIS OORSEE VIR MINDER**

[woorde]

Dink daaraan om na 'n kleiner lughawe naby 'n groot stad te vlieg. As jy Brittanje toe gaan, kan jy eerder na die Gatwick-lughawe toe vlieg as om direk na die Heathrow-lughawe te vlieg. Dis 'n halfuur per trein van Sentraal –Londen af.

Hou jou oë oop vir spesiale vliegaanbiedings, maar onthou om seker te maak dat die gekwoteerde pryse belasting en kostes soos die reisagent se fooie insluit.

Laat die internet vir jou werk. **Jy kan die goedkoopste aanbiedings soek op webtuistes** soos expedia.com of hotels.com.

As jy 'n motor wil huur, bespreek vooraf die goedkoopste motor. Moenie wag totdat jy daar is nie. Ekonomiese klas motors is nie altyd op die dag beskikbaar nie en jy sal dan outomaties 'n beter motor teen dieselfde prys kry.

Probeer om nie jou kos op duur plekke soos lughawens en toeristeplekke te koop nie. **Supermarkte in plaaslike inkopiesentrums is goedkoper.**

Beplan jou program sodat jy van **nagtreine gebruik** maak om tussen die plekke te reis waar jy wil wees. Op hierdie manier **spaar jy die koste van 'n hotelkamer.**

As jy vir 'n tydjie op een plek wil bly, dink daaraan om 'n woonplek te huur of om jou woonplek uit te ruil. Deur agentskappe soos www.homelink.org kan jy teen 'n tarief van R1 000 jou woonplek laat registreer.

Dit is goedkoper as jy na 'n kleiner lughawe naby 'n groot stad vlieg

Maak gebruik van spesiale vliegaanbiedings

Gebruik die internet om na die goedkoopste aanbiedings te soek.

Bespreek vooraf die goedkoopste motor.

Moenie jou kos by duur plekke, soos lughawens, koop nie.

Gebruik eerder nagtreine, dan hoef jy nie vir 'n hotel te betaal nie.

As jy lank êrens wil bly dink daaraan om 'n woonplek te huur of om jou woonplek uit te ruil.

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAAL**ASSESSERINGSRIGLYNE****WOORDSTRUKTURE**

Spelling moet korrek wees.

Standaardafrikaans geld.

SINSTRUKTURE

Die **ge-** moet as **een woord** met die werkwoord geskryf word.

Die **te** moet in verbinding met die infinitief as **twee woorde** geskryf word.

Streekstaal kan nie in ag geneem word nie.

Indien die opdrag lui dat die kandidaat die sin moet oorskryf, moet die hele sin oorgeskryf word.

Indien die opdrag lui dat die kandidaat slegs die antwoord moet skryf, moet die kandidaat die korrekte antwoord onderstreep of uitlig, indien die antwoord in 'n sin is.

VRAAG 3**TEKS D: ADVERTENSIE**

NR	NASIENRIGLYN	PUNT	DENKVLAK
3.1	My toon is seer, want my skoen druk my. (soortgelyk)	1	3
3.2	op	1	2
3.3	Is Voetlief spesiaal vir jou gemaak?	1	2
3.4	tien persent (albei woorde vir 1 punt)	1	2
3.5	toontjies	1	2
3.6	geliefde/liefing/liefie	1	1
3.7	verniet	1	2
3.8	seep	1	1

3.9	Dit is 'n naam/eienaam.	1	2
3.10	verste	1	1
			10

VRAAG 4**TEKS E: STROKIESPRENT**

NR	NASIENRIGLYN	PUNT	DENKVLAK
4.1	Hy het Meester se toffies gesteel.	1	2
4.2	Sy gesigsuitdrukking wys dat hy op Neelsie skree, die uitroeptekens, groot skrif. (enige twee)	2	3
4.3	Meester skree dat die graad 8's die toffies vir hom gegee het.	2	2
4.4	smoorkwaad	1	1
4.5	Neelsie behoort dankbaar te wees.	1	2
4.6	Neelsie luister nie altyd na Meester nie./ Neelsie luister nooit na Meester nie.	1	2
4.7	wie	1	1
4.8	stout	1	1
			10

VRAAG 5**TEKS F: TYDSKRIFARTIKEL EN PRENT****5.1 TYDSKRIFARTIKEL: Van 'n straatveër tot wenner...**

5.1.1	beste	1	2
5.1.2	pragtige	1	2

5.2	wêreldberoemde	1	2
5.3	james hett altyd gesing terwyl hy die strate gegee het.	1	2
5.4	waarna	1	2
5.5	soggens	1	1
5.6	James: "Ek is so gelukkig om elke dag te kan sing."	2	2
5.7.1	50-jarige	1	1
5.7.2	Suid-Afrika	1	1
5.7.	geïnspireer	1	2
5.8	James sal baie opgewonde (oor sy drome) wees (oor sy drome).	2	2
5.9	Al sy liedjies word deur Andy Sadler geskryf.	1	1
			14
TEKS G: PRENT			
5.2.1	homself	1	1
5.2.2	etenstyd	1	2
5.2.3	John het heerlike wors op die vuur gebraai	1	1
5.2.4	vuurtjie	1	1
5.2.5	vriende	1	1
5.2.6	John voel gelukkig want hy gaan nou lekker eet.	1	1
			6
TOTAAL AFDELING C: 40			
GROOTTOTAAL: 80			